

GRAAD 11 : KWARTAAL 2 : TAALSTUDIE nr. 3

TAALSTUDIE 3

Lees die onderstaande teks en beantwoord al die vrae.

Jonges sê oor werk oorsee

1. "Baie van my vriende studeer steeds en hulle kry nie klaar nie. Ek is baie bly ek het eers oorsee gegaan. Ek is nou baie sekerder oor wat ek wil doen; ek dink ek is baie sekerder as van my vriende wat hier gebly het."
2. So sê mnr. Riaan Louw (24) nadat hy byna vier jaar in Amerika gewerk het. Hy het na matriek nie geweet wat hy wil doen nie. Hy het oorsee gegaan om 'n leier in die Amerikaanse somerkamp te word. Na sy eerste jaar daar is hy weer deur 'n kamphoof genader en op die ou end het hy vir nog drie jaar in 'n avontuurkamp gewerk.
3. "Ek is nie spyt ek het dit gedoen nie. Ek is basies betaal om te speel!" sê Louw wat in Desember teruggekeer het van sy werksvakansie.
4. In sy eerste jaar het Louw deur 'n agentskap gewerk. "Dit was nie so goed nie, want die agentskap het baie van my betaling gevat, maar dit is waar ek die kontakte gemaak het wat my in staat gestel het om terug te keer Amerika toe."
5. Hy sê kontakte is noodsaaklik, omdat die soort visums wat Suid-Afrikaners nodig het net deur die Amerikaners uitgereik kan word as daar iemand in Amerika is wat vir jou verantwoordelikheid aanvaar.
6. Louw sê dit is nie alles pret en plesier nie. "Jy moet gewoond raak aan 'n ander kultuur. Die Amerikaners glo pal hulle is reg. Jy kan nie met hulle argumenteer nie. Jy word baie gou op jou plek gesit en daaraan herinner dat jy vir hulle werk en dat jy basies goedkoop arbeid is."
7. "Die Britte is baie lui en as jy bereid is om te werk, sal daar werk wees," sê hy. Hy het aan die begin sowat R48 per uur verdien as 'n pakker, maar later heelwat meer geld gemaak.
8. Uys het geld gespaar deur 'n huis met 25 ander jong mense te deel. "Ek het saam met Kiwi's en Iere gebly. Ek wou nie saam met Suid-Afrikaners bly nie, want hulle is nogal arrogant in die buiteland."
9. "Die punt is, as jy bereid is om te werk, kan jy enige plek werk. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg," sê Uys, wat pas 'n graad in inligtingstechnologie voltooi het.

1. Skryf die woord tussen hakies in die regte vorm:
Dis noodsaaklik dat jy goed sal besin oor die (**studeer**)-rigting wat jy na matriek wil volg.
2. Waavoer staan die afkorting **mnr.**?
3. Skryf die vergrotende trap van vergelyking vir die woord tussen hakies:
Hulle moes dalk (**vroeg**) gedink het wat hulle wou doen.

4. Maak 'n sin met die homofoon van "**leier**".
5. Skryf die ander meervoudsvorm van "**visums**" (par. 5) neer.
6. In watter land woon die **Kiwi's**?
7. Gee die intensiewe vorm van die woord "**goedkoop**".
8. Skryf die eerste sin van par. 3 in die **indirekte rede**. Begin met: **Louw sê**
9. In watter land woon die "**Britte**"?
10. Gebruik die woord "**geld**" as 'n werkwoord in 'n sin.
11. Gee 'n antoniem vir die woord "**plaaslik**".
12. Wat is die stam van die woord "**kontakte**"?
13. Gee die afkorting van "**per uur**" (par. 7).
14. Vorm 'n persoonsnaam met die woord "**reis**".
15. Wanneer 'n mens meer as twee tale kan praat, is jy
16. Skryf die onderstreepte sin in par. 9 in die **ontkennende vorm**.
17. **Bly** is 'n homoniem. Gebruik die woord "**bly**" in twee sinne om die twee verskillende betekenisse van die woord aan te dui.
18. Die woord "**buiteland**" is 'n samestelling. Gebruik die onderstreepte gedeelte en vorm 'n nuwe samestelling met die woord.
19. Waarom is die eerste paragraaf in aanhalingstekens geskryf?
20. Skryf "**R48**" in woorde.
21. In par. 8 is daar 'n voegwoord. Skryf dit neer. Maak nou van hierdie saamgestelde sin, waarin die voegwoord voorkom, twee enkelvoudige sinne.
22. Bestudeer die onderstreepte sin in par. 2. Identifiseer die bywoordelike bysin en skryf dit neer.


